Dinsdag **13 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jesaja 9:1-6**

**Fokusgedeelte: Jesaja 9:1, 5**

**Verlos uit die duisternis deur die almag van God**

Jesaja 9 is ’n profesie van die geboorte van Christus. Die eerste hoorders hiervan het waarskynlik verstaan dat hulle uit die donker land van Babilon gered sal word om weer terug te keer na die beloofde land van hulle voorvaders. Tog besef ’n mens onmiddellik dat daar iets meer agter hierdie profesie is as blote redding uit hulle huidige omstandighede. Dat hierdie teks op Jesus Christus se koms wys, word in Matteus 1 en 4 bevestig.

Ons teksgedeelte praat van ’n volk wat in donker ronddwaal. Die grondteks skep dieselfde idee as die “donker dieptes” waaroor Dawid in Psalm 23 dig. Dis donker, dit vervul jou met vrees en jy voel ver van redding. Tog is Dawid nie bang nie, omdat hy weet dat God hom sal red – en Jesaja sinspeel ook hierop. Daarom word daar onmiddellik troos en redding verkondig.

Jesaja verkondig ’n Lig wat die volk uit die donker sal kom red, wat hulle vreugde sal bring. Hy sal ’n Vredevors wees, Een wat met wysheid en geregtigheid regeer, ’n Ewige Vader vir sy volk. Dit kan Hy alles doen, want Hy is “Magtige God”. Dink aan Johannes 1 waar Jesus Christus baie duidelik die Lig genoem word wat na die wêreld toe kom.

Dit is by Jesus as “Magtige God” waar ons vandag ’n oomblik wil stilstaan. God self verlos ons van sy oordeel. Jesus kon net op een manier die straf op ons sonde dra, en dit is deurdat Hy volkome God en mens is. Daar word vandag dikwels na Jesus verwys as ’n besondere mens, selfs ’n profeet wat ’n verskil gemaak het aan die lewens van die mense om Hom, en ons word dan opgeroep om hierdie voorbeeld van Hom te volg.

Tog is ons teks duidelik: Die Redder van die volk is Magtige God! Daarom kon Hy die oordeel van God op ons sonde aan die kruis dra, en ook die dood oorwin. Jesus as Magtige God is ’n kernbelangrike feit van ons geloof. Dit raak ons saligheid ten diepste. Sonder Jesus se godheid is daar verlossing nie. Jesus se Almag het my en jou uit die donkerste van ellende, ja, uit die dood self gered. Daarom kan ek en jy in die Lig lewe.

*Sing: Psalm 23-1:1*

*Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)*